

HOOFSTUK 5: ONTWERPRIGLYNE VIR 'N WEBPORTAAL VIR AKADEMICI

5.1 Inleiding

Na aanleiding van die teoretiese oorsig (Hoofstuk 2) en die empiriese ondersoek (Hoofstukke 3 en 4) gaan ontwerpriglyne vir 'n ideale Webportaal vir akademici afgelei word. Die persoonlike bestuur van die inligting- en kennismodel (Figuur 2) gaan as raamwerk vir die riglyne gebruik word.

5.2 Persoonlike bestuur van akademiese inligting en kennis

5.2.1 Persoonlike bestuur van inligting en kennis. Ten einde voorsiening te maak vir 'n instrument wat die akademikus in staat sal stel om sy persoonlike bestuur en hantering van akademiese inligting en kennis op 'n geïntegreerde wyse uit te voer, moet die portaal oor die volgende eienskappe beskik:

- ◆ Die tipe portaal is 'n kombinasie van 'n vertikale portaal ("vortal") en 'n korporatiewe portaal ("enterprise information portal"), aangesien dit vir 'n spesifieke gebruikersgroep ontwerp is en ook sal poog om interne (UP) en eksterne inligting te integreer.
- ◆ Die portaal sal beskik oor die hoogste moontlike funksionaliteit (Strauss, 2000) en integrasie ten einde die akademici se taakverrigting optimaal te ondersteun. Dit sluit gevorderde verpersoonliking en "customization" in.
- ◆ Beide die onderrig- en navorsingsrol van die akademikus moet ondersteun word.
- ◆ Opleiding en konsultasie oor die funksionering van die Internet en die portaal, beide rekenaarmatig en persoonlik, is noodsaaklik.

5.2.2 Persoonlike insameling en herwinning van inligting. Ten einde hierdie aspek te ondersteun, moet die portaal oor die volgende beskik:

- ◆ Eksterne en interne inligtingbronne: elektroniese tydskrifte, elektroniese artikels, elektroniese reserwes, elektroniese argiewe, databasisse, elektroniese inhoudsopgawes, biblioteekkatalogi, voorgeskrewe boekelys, elektroniese boeke, elektroniese verhandelings en proefskrifte en die UP navorsingsdatabasis. Voorsiening moet gemaak word vir toegang tot persoonlike bronne van inligting soos vakkundiges en inligtingkundiges.
- ◆ Funksies: Websoekenjins, globale soekfunksie oor portaal se inhoud, "listservers", geselskamers, elektroniese pos, die byvoeg van Webadresse en koppeling met dokumentlewering en interbiblioteekleningstelsels. Akademici moet kan deelneem aan die opbou en evaluering van relevante inligtingbronne as deel van die portaal se inhoud. Hulpfunksies vir opleidingsdoeleindes en probleemoplossing is noodsaaklik.

5.2.3 Organisering en verwerking van inligting. Daar moet vir literatuur-organiseerders en indekseringspakkette voorsiening gemaak word, wat die akademikus in staat sal stel om sy akademiese inligting doeltreffend te organiseer. Dit moet ook navorsingsgroepe se indekseringsbehoefte kan ondersteun. Die gebruik van Webagente moet ingespan word om hierdie proses so ver as moontlik te outomatiseer.

5.2.4 Persoonlike skep van inligting- en kennisprodukte. Die portaal behoort toegang tot gewilde pakkette te verleen soos die MicroSoft-reeks. Die funksionaliteit van hierdie programatuur moet by die portaal geïntegreer word om 'n "seamless" omgewing te skep. Dit moet vir akademici maklik wees om Webdokumente te skep en op die Web te publiseer. Die uitdaging van elektroniese publikasie binne die wetenskaplike kennissiklus moet ondersteun word.

5.2.5 Kommunikasie en verspreiding van inligting en kennis. Hierdie aspek kan ondersteun word deur funksies soos elektroniese pos, "listservers" en geselskamers beskikbaar te stel. Dit moet vakkundige netwerke soos virtuele konferensies en seminare ondersteun, sowel as Webonderrigmetodes, soos virtuele klaskamers, demonstrasies en lesings. Werksruimtes vir kollegiale samewerking moet voorsien word, asook ondersteuning vir projekbestuur.

5.3 Strategiese en organisatoriese aspekte. Ten einde die suksesvolle implementering van 'n Webportaal vir akademici aan die Universiteit van Pretoria te verseker, moet die volgende strategiese en organisatoriese aspekte in ag geneem word:

- ◆ Die onstabieleit van die netwerke by die Universiteit van Pretoria moet op strategiese vlak aangespreek word. Hierdie aspek is deur die respondente as die grootste struikelblok vir die sukses van die portaal gesien.
- ◆ Daar bestaan 'n groot mate van onkunde oor bestaande Webaanbiedings van die universiteit, soos die databasisse en elektroniese tydskrifte wat op die Web beskikbaar is. Indien die portaal goed bemark word, sal die beskikbaarheid van hierdie inligtingbronne ook beter bekend wees en beter benut word.
- ◆ Goeie administratiewe en tegniese ondersteuning is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die portaal. Kundige advies, opleiding en ondersteuning moet as 'n integrale deel van die portaal gesien word.
- ◆ Dit blyk uit die literatuuroorsig dat soortgelyke projekte reeds internasionaal aandag ontvang. Samewerking met hierdie projekte kan tot die voordeel van die portaal se verdere ontwikkeling wees.

5.4 Sintese

Hierdie ontwerpriglyne vir 'n ideale Webportaal vir akademici is tans nie almal prakties uitvoerbaar nie. Dit gee egter 'n goeie aanduiding van hoe so 'n portaal daar kan uitsien. Vervolgens gaan die bevindings van die studie geëvalueer en bespreek word.